

DIE INLEIDING

Die navorsingsruimtemodel (CARS-model)

(Creating A Research Space: CARS model. John Swales, Genre Analysis, CUP, 1990)

AKSIE 1: BEPAAL 'N NAVORSINGSGBIED	
STAP 1: MAAK 'N SENTRALITEITSTELLING EN/OF STAP2: MAAK VERALGEMENINGS OOR DIE ONDERWERP EN/OF STAP 3: GEE 'N OORSIG VAN VORIGE NAVORSING	SITUASIE
AKSIE 2: IDENTIFISEER 'N NIS OF GAPING IN DIE GEBIED	
STAP 1A: MAAK 'N TEENSTELLEDE BEWERING OF STAP 1B: DUI 'N GAPING AAN (in vorige navorsing) OF STAP 1C: FORMULEER 'N VRAAG (oor vorige navorsing) OF STAP 1D: BOU VOORT OP 'N TRADISIE	PROBLEEM
AKSIE 3: STAAN DIE NIS OF GAPING VOL	
STAP 1A: GEE 'N OORSIG VAN DIE OOGMERKE (Hoekom?) OF STAP 1B: STEL HUIDIGE NAVORSING BEKEND (Wat? Hoe?) STAP 2: KONDIG DIE HOOFBEVINDINGS AAN STAP 3: DUI DIE STRUKTUUR VAN DIE ARTIKEL AAN	OPLOSSING
STAP 4: EVALUEER DIE BEVINDINGS	

AKSIE 1: BEPAAL 'N NAVORSINGSGBIED

Akademiese skrywers begin die inleiding van 'n artikel of referaat gewoonlik deur die algemene **terrein** of **samstelling** van die navorsingsgebied te beskryf. Hulle wend een of meer van die volgende strategieë aan om dit te bewerkstellig:

STAP 1: MAAK 'N SENTRALITEITSTELLING

Hier stel die skrywer dit dat die navorsingsonderwerp **bruikbaar, relevant, belangrik, of werd is om te ondersoek**, omdat dit deel uitmaak van 'n **lewendige, belangrike of goed gevestigde navorsingsgebied**. Sentraliteitstellings dien dikwels as **onderwerpsinne** en word daarom gewoonlik deur ondersteunende bewyse gevolg.

Die effek van ... **is grondig bestudeer** oor die afgelope paar jaar.

Van die talle ... is ... **die grondigste bestudeer**.

Die uitwerking van ... **het beduidende aandag geniet**.

Vele navorsers het onlangs hul aandag op ... gevestig.

'n **Groot versameling data** wat ... betref, is aangemeld.

Oor die afgelope paar jaar is daar in **verskeie artikels** beskryf hoe ...

Daar was onlangs **groot belangstelling** in ...

Navorsers het oor die afgelope paar jaar **toenemend geïnteresseerd geraak** in ...

Die moontlikheid van ... het **belangstelling in** ... ontlok.

Kennis oor ... is van **groot belang** vir ...

Die bestudering van ... het 'n **belangrike aspek** van ... geword

Dit blyk dat ... 'n **belangrike rol** in ... speel.

Die uiteensetting van die verhouding tussen ... en ... is 'n **klassieke probleem** in vloeimeganika.

'n **Lankbestaande probleem** is om meer inligting oor ... te bekom.

Die welbekende ...-verskynsels is **gunstelingonderwerpe** vir analise in ... sowel as in ...

'n **Sentrale kwessie** wat ... betref is die geldigheid van...

STAP 2: MAAK VERALGEMENINGS OOR DIE ONDERWERP

In Stap 2 maak die skrywer stellings oor die huidige stand van die **kennis, konsensus of praktyk**, of gee hy of sy 'n beskrywing van die **verskynsels** wat ter sprake is.

Die algemene kenmerke van ... **is goed bekend**.

Dit **is bekend** dat die verekleed die seleksie van mannetjies onder wilde-eende beïnvloed.

Die toename van wilde-eende in die oostelike deel van Noord-Amerika **is goed gedokumenteer**.

Forelle **word as** relatief onbeweeglik beskou ...

Daar word **algemeen aanvaar** dat ...

Daar is nou **heelwat bewyse** om die hipotese oor ... te steun.

'n **Standaardprosedure** om ... te evalueer was om ...

Metodes van hierdie aard is **dikwels gekritiseer** omdat ...

Daar word algemeen aanvaar dat ...

Vergelykings van bevolkings wat ruimtelik van mekaar geskei is, neig om uit ... te bestaan.

STAP 3: GEE 'N OORSIG VAN VORIGE NAVORSING

Hier vermeld die skrywer wat reeds bevind (of beweer) is om dit met wie dit bevind (of beweer) het, in verband bring.

Smit (1989) het bevind dat ...

Daar word aanvaar dat ... (Smit 1989)

Belovsky (1981) het tot die gevolgtrekking gekom dat ...

In die literatuur [1], [5] is data aangebied wat aan die hand doen dat ...

Peterson (1988) redeneer dat ...

Waarnemings deur Smit (1989) suggereer dat ...

AKSIE 2: IDENTIFISEER 'N NIS OF GAPING IN DIE GEBIED

Nadat die belangrike kenmerke van hul navorsingsgebied beskryf is, probeer akademiese skrywers gewoonlik 'n nis of gaping vir hul navorsing afbaken. Hulle doen dit deur aan te dui dat die navorsing tot dusver nie volledig is nie, of dat aspekte van die navorsingsgebied verdere ondersoek vereis. Dit word dikwels uitgedruk deur woorde wat 'n kontras of negatiewe evaluasie aandui, byvoorbeeld:

KONTRAS	HOEEVEELHEID	WERKWOORDE		BYVOEGLIKE NAAMWOORDE	
egter	weinig/dun gesaai	versuim/in gebreke bly	nalaat	seldsaam	vrugtelos
maar	minder/kleiner deel	ignoreer	miskyk	ontwykend	nie afdoende nie
tot dusver nieteen- staande	min geen	ontbreek voorkom	bevraagteken betwis	beperk beperkte	wisselvallig onduidelik
ongelukkig alhoewel	niks nie	belemmer ondervang/ uitskakel	ontmoedig beperk	moeilik ondoeltreffend	onbetroubaar onbevredigend

STAP 1A: MAAK 'N TEENSTELLENDEN BEWERING

Hierdie stap volg **Aksie 1, Stap 3 (Gee 'n oorsig van vorige navorsing)** en word gebruik om 'n teenstellende gesigspunt in te lei of om die swakpunte in vorige navorsing (of oplossings) uit te lig.

Hierdie beskouing word egter bevraagteken deur onlangse data wat toon dat ...

Met hierdie studies is daar egter nie daarin geslaag om die belang van ... in te sien nie

Onlangse werk in ons laboratorium dui egter daarop dat ...

..., maar die eksperimente is op ... uitgevoer en is daarom aanvegbaar ...

... hierdie benaderings word toenemend onbetroubaar wanneer ...

STAP 1B: DUI 'N GAPING AAN (in vorige navorsing)

Dikwels volg hierdie stap **Aksie 1, Stap 2 (Maak veralgemenings oor die onderwerp)**.

'n Aansienlike hoeveelheid navorsing is oor ... gedoen, **maar** daar is **weinig navorsing** oor ...
... is uitvoerig bestudeer. **Minder aandag** is **egter** aan ... geskenk.

Gevolgtrek blyk dit dat daar **geen** omvattende teorie oor ... bestaan nie.

Ten spyte van die belang van ..., het **min** navorsers ... tot dusver bestudeer.

Tot dusver het navorsing geneig om **liewer** op ... as ... te fokus.

Die **enigste** studie waaroor tot dusver berig is, het 'n **beperkte bestek** van ... gehad.

In voorheen gepubliseerde studies is metings **beperk** tot ...

Navorsers **verstaan** die eienskappe van ... steeds **nie heeltemal nie**.

Daar is tans **nie afdoende** bewyse oor hierdie vraagstuk **nie**.

STAP 1C: FORMULEER 'N VRAAG (oor vorige navorsing)

Dit is **egter nie duidelik of** die gebruik van ... aangepas kan word om ...

Ten spyte van hierdie vroeë waarnemings, is die meganisme wat ... **steeds onduidelik**.

Die **vraag bly**: ...

Met hoeveel het die robbepopulasie werklik afgeneem?

STAP 1D: BOU VOORT OP 'N TRADISIE

Hierdie stap word dikwels aangedui deur logiese verbindings, soos **daarom, derhalwe, gevolglik, of dus**.

Hierdie verskillende **moet** ontleed word ...

Daarom is bykomende ondersoeke na ... **nodig**.

Opnames oor... is dus **wenslik**.

Dit is **van belang om** ... met ... te vergelyk.

AKSIE 3: STAAN DIE NIS OF GAPING VOL

Hier bied skrywers hul oplossing aan om die **gaping te vul, die spesifieke vraag te beantwoord** of 'n **navorsingstradisie voort te sit**, soos in **Aksie 2** voorgestel.

STAP 1A: GEE 'N OORSIG VAN DIE OOGMERKE (Hoekom?)

Die skrywer stel sy of haar oplossing vir die probleem wat in **Aksie 2** beskryf is, voor deur die **hoofdoel** van die studie uiteen te sit. Let op hoe die voorbeelde hier onder wys dat die **werkwoord se tyd** daarvan afhang of die skrywer na 'n **tasbare** of **abstrakte** konsep verwys.

TEENWOORDIGE TYD

Die teenwoordige tyd word gewoonlik gebruik wanneer die doelstellings beskryf word met betrekking tot die **geskrewe produk** wat die leser fisies in sy hande hou.

VERLEDETYD

Die verledetyd word gewoonlik gebruik wanneer die doelstellings beskryf word deur abstrakte konsepte soos **verstandelike ondersoeke**.

(referaat, artikel, tesis → TEENWOORDIGE TYD)

Die **doelwit** van hierdie **referaat** **is** om ...
Die doel **hier** **is** om te dokumenteer hoe ...

(studie, ondersoek, eksperiment → VERLEDETYD)

Die doel van die **huidige studie** **was** om verheldering te bring op die gebied van ...
Die mikpunt van hierdie **navorsing** **was** om ... te kwantifiseer (of versyfer)
Ons **oogmerk** **was** om ... te beskryf

STAP 1B: STEL HUIDIGE NAVORSING BEKEND (Wat? Wie? Hoe? Waar? Wanneer?)

Hierdie stap is 'n alternatief tot die strategie wat in **Stap 1A** uiteengesit is. Hier beskryf die skrywer die doelwitte na aanleiding van wat die navorsing onderneem om te '**doen**' of te **bereik**. Let op hoe dieselfde inligting verskillend gestel kan word deur **menslike** of **nielewende** agente as die onderwerp te gebruik:

MENSLIKE AGENT

In hierdie studie **stel** **ons** 'n proses wat uit drie stappe bestaan, **voor** ...
In hierdie brief **doen** **ons** 'n algoritme **aan die hand** ...
In hierdie referaat **poog** **ons** om 'n ... te ontwikkel
In hierdie brief **beskryf** **ons** 'n nuwe benadering tot ...
In hierdie referaat **beskryf** **ons** nuwe algoritmes vir ...
In hierdie referaat **lê** **ons** 'n stelsel voor vir ...

NIE-LEWENDE AGENT

Hierdie **referaat** **evalueer** die uitwerking van ...
Hierdie **navorsing** **bied** data oor ... **aan**
Hierdie **studie** **fokus** op 'n strategie vir ...
Hierdie **studie** **het** **getoets** of ...
Hierdie **tesis** **doen** 'n formele metode aan die hand om ...
Hierdie **artikel** **stel** nuwe argitektuur **voor** vir ...

STAP 2: KONDIG DIE HOOFBEVINDINGS AAN

In hierdie stap beskou die skrywer die resultate as die belangrikste aspek van die navorsing en daarom word die resultate by die inleiding geïnkorporeer. Wees egter versigtig – nie alle vakgebiede laat dit in die inleiding toe nie!

In hierdie referaat **redeneer** ons dat ...
Hierdie **benadering** **voorsien** doeltreffende ...
Ons **resultate** **dui** **aan** dat hierdie metode geslaagd is om ...

STAP 3: DUI DIE STRUKTUUR VAN DIE ARTIKEL AAN

Ons het die res van die artikel as volg **georganiseer** ...
Hierdie artikel **is** as volg **gestruktureer** ...
Die res van die artikel **is verdeel** in vyf onderafdelings ...

STAP 4: EVALUEER DIE BEVINDINGS

Numeriese resultate dui aan dat **die voorgestelde algoritme** nie net die **voordele** van **lae kompleksiteit** en **maklike implementasie** inhou nie, maar dat dit ook werksverrigting **wat baie naby aan die optimale** bereikbare perk kom, kan bewerkstellig.